

Sing vooraf: Psalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 105:2 (p. 514)

- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 150:2 (p. 719)

- 2 Loof God met basuingeklank! / Gee Hom eer, bewys Hom dank!
Loof Hom met die harp en luit! / Loof Hom met die trom en fluit!
Loof Hom met die blye snare! / Al wat klank het – laat dit hoor,
laat dit opklink uit die koor / van 'n juigend-blye skare!

Skriflesing: 1 Tessalonisense 5

Teks: 1 Tessalonisense 5:23

En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

(1Tessalonisense 5:23 AFR1953)

Hoe het ons die afgelope jaar ervaar?

- Vir sommiges was die jaar makliker, maar vir ander was dit baie moeiliker.
- Sommiges van ons het met geweldige spanning deur die jaar gegaan omdat daar ernstige siekte en selfs dood was.
- Diefstal, moorde en motorskakings het toegeneem. Ons is in hierdie stadium een van die lande met die hoogste kriminele bedrywighede wat daar is.
- Al hierdie dinge wil mens verwurg. Daarom emigreer soveel mense na ander lande toe.
- Onder die Christene self is daar groot geloofsverwarring te bespeur, want alles neig om in verskillende rigtings uitmekaar te spat.

As ons die Bybel oopmaak en ons maak 'n studie van ons tyd, lees ons meestal van die geweld en

smarte waaronder die gelowiges gebuk gaan voor die wederkoms van die Here Jesus.

- In hierdie hoofstuk wat ons gelees het, is daar egter 'n pragtige balans, want
 - o dit beskryf hoe dit op daardie dag sal wees vir die wat glo,
 - o en hoe heeltemal anders dit sal wees vir die wat nie glo nie.

In die tyd toe Paulus hierdie brief geskryf het, was daar swaar vervolginge onder die Christene in Tessalonika. Die gemeente was onder kwaai druk, en daaglik was daar hartseer.

Teen hierdie agtergrond kan ons verstaan dat die Christene daar daarna gesmag het dat die Here moet kom.

- Dan sou hulle ellendes beëindig word en hulle vyande deur die Here gestraf word.
- Daarom het hulle ook gebid dat die Here hulle verdrukkers moet kom straf.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Paulus vir die gemeente daar skryf dat hulle baie goed weet dat die wederkoms van die Here kom soos 'n dief in die nag.

- Die dubbele karakter van hierdie dag kom reeds na vore in die feit dat Paulus van die wederkoms praat as die “dag van die Here”.
- Dit sluit aan by die Ou Testament. In die Ou Testament is die dag van die Here voorspel as 'n dag van geweldige verskrikking vir die vyande van die volk Israel – en daarmee saam vir dié almal wat ongehoorsaam is aan die Here.

Die dag is meestal voorspel as 'n dag van gerig, byvoorbeeld in Amos 5:18:

Wee die wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie. (Amos 5:18 AFR1953)

Dit was presies wat daardie gemeente wou hoor!

- Want voor hulle geestesoo kon hulle al sien hoe die mense wat hulle onderdruk het, braai en krioel in die Here se oordeel!
- In die Ou Testament is dit ook voorspel dat daar op daardie dag heil en voorspoed vir die volk van die Here gebore sal word.
- Dit laat mens dadelik verstaan waarom die gemeente van Tessalonika na hierdie dag gegryp het as 'n uitkoms.

Maar hulle het nie die ding reg verstaan nie, want in die Nuwe Testament het die dag 'n heeltemal nuwe betekenis gekry.

- In die Nuwe Testament beteken die wederkoms die oomblik wanneer die koninkryk van God kom.
- Dan kom daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, en die majesteit en heerlikheid van die Here vestig vir ewig daar.
- Dit is nie 'n dag of 'n oomblik wat deur 'n gemeente gebruik kan word om wraak te neem en om hulle daarin te verlustig dat iemand wat hulle skade aangedoen het verskriklik gestraf word nie.

Juis dit maak hierdie dag vir ons geweldig ernstig. Waar gaan ons staan op daardie dag?

- Ons kan so maklik verbitterd word teen ander mense, en al sê ons dit nie altyd nie, dan dink ons dat die Here hulle op sy tyd (namens ons!) gaan straf.
- Dit is baie goed om te dink dat die Here al die goddeloses gaan straf op daardie dag, maar is ons self gereed vir daardie dag?

Selfs die heerlikheid van God is te veel vir 'n mens om te hanteer.

- Dit is waarom Paulus die gemeente daaraan herinner dat daardie dag kom soos 'n dief in die

nag.

- Daar is iets vyandigs in daardie dag van die wederkoms as jou saak met die Here nie heeltemal in die reine is nie.
- Daarom leer die Bybel ons hier dat dit nie belangrik is om te weet **wanneer** daardie dag is nie, maar **hoe** daardie dag is.

Ons moet voorbereid wag.

- Dit beteken dat ons moet onderskei tussen die regte en verkeerde dinge wat gesê en gepreek word.
- Daar sal baie mense wees wat die koms van die verskrikking nie eers verstaan of voorsien nie.
- Hulle sal besig wees om almal te oortuig dat alles ideaal is: “Vrede, vrede!”

Luister na vers 3:

Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval ’n skielike verderf hulle soos die barensnood ’n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.

(1 Tessalonisense 5:3 AFR1953)

Daar is ’n bepaalde domheid onder mense, want hulle leer nie, en hulle steur hulle ook nie aan die geskiedenis nie.

- In die dae van Noag het presies dieselfde ding gebeur.
- Die mense het nog gestaan en spot toe sak die reën oor hulle uit en die dood slaan om hulle vas.
- Dit sal by die wederkoms presies weer so gebeur.

Hierdie preek gaan daaroor dat gelowiges gereed moet wees vir die onverwagte wederkoms van die Here. Daarom word ons in die troos van die wederkoms ingesluit:

Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos ’n dief sou oorval nie. (1 Tessalonisense 5:4 AFR1953)

Ons weet wat die Here se beplanning is vir sy gelowiges.

- Maar ons weet ook wat van ons verwag word om gereed te wees vir die koms van die Here.
- Die Here praat in beeldende taal as Hy ons vermaan om nie soos die ander aan die slaap te wees en dronk te wees nie.
 - o Ons moet wakker wees en nugter wees.
 - o Ons moet noulettend ag gee op die dinge wat rondom ons gebeur.

Dit is inderdaad so dat baie mense al ongelowig geword het omdat hulle dink dat die Here glad nie meer gaan kom nie.

- Daar is ook mense wat beweer dat as die Here na tweeduisend jaar nog nie gekom het nie, dan was die hele Christelike godsdiens van die begin af vals.
- Die Here wil nie hê dat ons in dieselfde groef moet beland nie.
 - o Daarom skerp Hy ons op om soos soldate te veg terwyl ons wag op die wederkoms.
 - o Ons het die liefde van Christus en ons het die hoop op die koms van God se koninkryk.
 - o Die Heilige Gees leer hierdie dinge ook elke dag vir ons.

Die Here Jesus Christus het juis gesterf sodat ons kan lewe.

- Dit beteken dat die geweld en dood waarmee die dag van die Here op die aarde gaan toeslaan, sy engel vir die gelowiges verloor het.
- Vir ons is die wederkoms ’n sagte dag omdat ons in die ewige lewe ingaan.

Hoe wag ons? Die antwoord is duidelik: Biddend.

- Bid vir mekaar.
- Wees altyddeur op julle knieë voor die Here.
- Vermaan die onordelikes.
- Kyk na mekaar se kerkbesoek en skerp mekaar op sodat die hele gemeente se Christelike lewe op standaard kan wees.

Die gemeente moet ook toesien dat hulle almal verantwoordelik en fluks is.

- Daar was van die Tessalonisensers wat opgehou het om te werk.
 - o Hulle het gedink dat hulle maar kan sit en niksdoen totdat die Here kom.
 - o Die Here duld nie luiheid nie, en Hy beveel die gemeente om toe te sien dat hulle almal werk.

Saam met al die dinge wat aan die begin van hierdie preek opgenoem is, moet ons gemeente een ding baie helder besef: God is deur alle eeue dieselfde.

- Al gebeur dinge uit ons oogpunt gesien hoe skeef en krom, God is in volle beheer.
- Deur al hierdie woelinge wat om ons plaasvind, moet ons ons verantwoordelikheid en roeping teenoor God behou.

Al is daar baie van ons wat voel dat daar geen toekoms in Suid-Afrika is nie, het God nog steeds sy toekoms vir ons in gedagte.

- Dit beteken dat ons nog al die tyd ons verantwoordelikheid moet bly nakom.
- Ons almal moet nog steeds trou en eerbaar voor God lewe.
- Ons moet nog steeds leer en presteer, want ons doen dit nie in die eerste plek vir 'n land of 'n volk nie. **Ons doen dit vir God.**

Dit is waar dat dit nie elke mens is wat dit sal verstaan nie, want die Here gee dit nie vir elkeen om te glo nie. Dink hier maar aan wat in Matteus 13:11 geskryf staan:

Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie. (Matteus 13:11 AFR1953)

Maar:

- Elke mens wat in Christus se bloed geheilig is, sal dit verstaan.
- So 'n mens sal dit elke dag nastreef om selfs onder die verswarendste omstandighede die eer en lof van God te bly verkondig.
- Ons moet altyd moedig bly en ons moet lewe soos kinders van die lig, want ons is dit.

U mag nou dalk vra: Is dit moontlik om elke dag aan te gaan sonder om moedeloos te word?

- Die antwoord is: Ja, ons kan, want die Drie-Enige God gee aan ons sy vrede.
- Hy het ons heeltemal heilig gemaak in Jesus Christus se verdienste.
- Met sy Heilige Gees bewaar Hy ons gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik tot met die wederkoms van die Here Jesus Christus.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:1 (p. 575)

1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.

Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 31 Desember 2008 Middernagdiens